# FAKKEL-FLITSE

*Weeklikse nuusflitse vir 'n ingeligte Framesby -familie!*

Hoërskool Framesby
HANDHAAF EN BOU

**UITGAWE 370· 11 APRIL 2025**

Kontakbesonderhede: bemarking@framesby.co.za


## FRAMESBY-ATLETE PRESTEER!




25 Framesby atlete het aan die ASA-Kampioenskappe wat van 27-29 Maart te Groenpunt Stadium, Kaapstad plaasgevind het, deelgeneem. Minder as 'n week later neem 10 Framesby-atlete aan die SA-Skolekampioenskappe van 03-05 April in Bloemfontein deel. Met 'n totaal van 35 deelnemers oor die 2 verskillende SA-Kampioenskappe, en 7 medaljes verower is ons bitter trots op wat ons atlete bereik het.

Die volgende Framesby atlete het medaljes verower:

**ASA Kampioenskappe** (Kaapstad)

- **Tamlyn Heyman** – Silwer Medalje, Hamergooi, Dogters O/16
- **Liam Smit** – Brons Medalje, Paalspring, Seuns O/16
- **Kayden Thoresson** – Goue Medalje, Nuwe OP-Rekord, Paalspring, Seuns O/18
- **Lincoln Kunneke** – Brons Medalje, Hamergooi, Seuns O/18

**SA Skole Kampioenskappe** (Bloemfontein)

- **Liam Smit** – Brons Medalje, Paalspring, Seuns O/15
- **Kayden Thoresson** – Silwer Medalje, Paalspring, Seuns O/17
- **Lincoln Kunneke** – Brons Medalje, Hamergooi, Seuns O/17

## SA-SWEMKAMPIOENSKAPPE

Carl Andrews en Minette van Zyl het die afgelope naweek die Oos-Kaap verteenwoordig by die SA-swemkampioenskappe. Daar was 1 218 dogters en 819 seuns van Suid-Afrika by hierdie kampioenskappe wat deelgeneem het.




**Carl Andrews** (12-18 jaar seuns-ouderdomsgroep)
6de plek 4 x 100m Rugslag
8ste plek 4 x 100m Medley



**Minette van Zyl** (12 – 18 jaar dogters-ouderdomsgroep)
10de plek 200m Vlinderslag
9de plek 100m Vlinderslag


**HIERDIE WEEK SE FAKKEL-FLITSE WORD MET TROTS GEBORG DEUR: SUNRIDGE VILLAGE**


ASA U16, U18, U20 & U23
CHAMPIONSHIPS 2025
SILVER
U16
42.86M
HAMMER
THROW
TAMLYN HEYMAN
CONGRATULATIONS
EASTERN PROVINCE ATHLETICS


ASA U16, U18, U20 & U23
CHAMPIONSHIPS 2025
GOLD
U18
4.45M
POLE
VAULT
KAYDEN THORESSON
CONGRATULATIONS
EASTERN PROVINCE ATHLETICS


ASA U16, U18, U20 & U23
CHAMPIONSHIPS 2025
BRONZE
U18
62.16M
HAMMER
THROW
LINCOLN KUNNEKE
CONGRATULATIONS
EASTERN PROVINCE ATHLETICS






SOUTH AFRICAN




ASA

# NETBAL*uitslae*

## NETBAL VAAR PUIK TYDENS WATERKLOOF TOERNOOI



### 0.14A

| | |
|---|---|
| Kempton Park | 17-16 wen |
| Windhoek Privaat | 19-19 gelykop |
| Eldoraigne | 16-29 verloor |
| Witteberg | 20-16 wen |
| Windhoek | 33-7 wen |
| Waterkloof 1 | 14-24 verloor |
| LaRochelle | 20-13 verloor |
| Sentraal | 17-10 wen |
| Helpmekaar | 12-5 wen |
| Bergsig | 21-18 wen |

**70%** *wenpersentasie*



### 0.15A

| | |
|---|---|
| Kempton Park | 23-16 wen |
| Potchefstroom Volkskool | 20-13 wen |
| Oosterlig | 29-4 wen |
| LaRochelle | 14-19 verloor |
| Witteberg | 18-19 verloor |
| Waterkloof | 16-17 verloor |
| Helpmekaar | 35-5 wen |
| Wesvalia | 25-6 wen |
| Eldoraigne | 17-6 wen |
| Sentraal | 29-12 wen |

**70%** *wenpersentasie*



### 0.16A

| | |
|---|---|
| Oosterlig | 32-3 wen |
| Eunice | 23-5 wen |
| Centurion | 21-9 wen |
| Wagpos | 25-2 wen |
| Transvalia | 26-11 wen |
| La Rochelle | 14-14 gelykop |
| Ellisras | 44-3 wen |
| Witteberg | 20-6 wen |
| Potchefstroom Volkskool | 9-14 verloor |
| Kempton Park | 19-12 wen |

**90%** *wenpersentasie*

SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment:
041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road,
Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7



## O.17A

| | |
|---|---|
| Kempton Park | 28-9 wen |
| Waterkloof 1 | 17-17 gelykop |
| Windhoek | 26-12 wen |
| Sentraal | 28-16 wen |
| LaRochelle | 17-26 verloor |
| Centurion | 35-8 wen |
| Transvalia | 22-13 wen |
| Potchefstroom Volkskool | 41-9 wen |
| Voortrekker | 22-15 wen |
| Waterkloof o.19B | 20-20 gelykop |

**90% wenpersentasie**



## O.19A

| | |
|---|---|
| Wagpos | 36-4 wen |
| Waterkloof 2 | 36-9 wen |
| Wesvalia | 19-14 wen |
| Witteberg | 25-17 wen |
| LaRochelle | 24-24 gelykop |
| Potchefstroom Volkskool | 23-17 wen |
| Sentraal | 10-20 verloor |
| Waterkloof | 20-22 verloor |
| Eunice | 19-12 wen |
| Windhoek Privaat | 13-17 verloor |
| Kempton Park | 19-17 wen |

**73% wenpersentasie**



SUNRIDGE VILLAGE Centre Managment: 041 360 9442 SUNRIDGE VILLAGE Kragga Kamma Road, Sunridge Park SUNRIDGE VILLAGE GENERATED POWER 24/7

# UITSTAANDE UITSLAE BY RUGBYTOERNOOIE



## 0.14A

*Kwagga Junior Rugbyweek.*

0.14A wen 37-7 vs Transvalia
0.14A gelyk 10-10 vs Waterkloof
0.14A verloor 7-26 vs HTS Drostdy

**WEN**
**2/3 WEDSTRYDE**



## 0.15A

*Kwagga Junior Rugbyweek.*

0.15A verloor 5-31 vs Transvalia
0.15A wen 20-12 vs Brackenfell
0.15A wen 17-14 vs Secunda

**WEN**
**2/3 WEDSTRYDE**



## 0.16A

*Jean de Villiers Rugbytoernooi.*

0.16A wen 11-10 vs Diamantveld
0.16A verloor 12-53 vs Affies
0.16A wen 29-15 vs Durbanville

**WEN**
**2/3 WEDSTRYDE**

SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment:
041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road,
Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7




**Voor:** Jaiden Brewis, Damién Witbooi, Mondre van Heerden, Calestin Falkers, Cole Hilpert, Eden Calitz, Nathan Birkholtz en Rico van Leeuwen. **Tweede ry van voor:** Miles Feltham, Aidan Weyers, Luke Didloft, Sebastian Barnard, Malcolm Thomson, Juan Muller, Jaco George, Jaiden Bowler en Jeffrey Combrinck. **Tweede ry van agter:** Wian Holtzhausen, Owen Wessels, Juanré Wilmot, Reon Saaiman, Ethan Terblanche, Wicus van der Merwe, Eben Mostert, Ryan Louw, Juanre Verwey en Johneton van Rooyen. **Agter:** Chales Blignaut, Leander Terblanche, Raynhardt Brown, Justin Terblanche, Aiden Dennis, JJ de Lange, Nathan Rall, Lleyton Benn, Maarten Kleynhans en Divaldre Fortuin.

## 0.19

### *Noord-Suid Rugbytoernooi:*

0.19A wen 60-7 vs Duineveld
0.19A verloor 29-59 vs Diamantveld

0.19B wen 34-13 vs Duineveld
0.19B wen 23-7 vs Diamantveld

**0.19A WEN 1/2 WEDSTRYDE**

**0.19B WEN 2/2 WEDSTRYDE**

# NETBAL*uitslae*

## FRAMESBY VS CURRO

| SPAN | PUNTE |
|---|---|
| Framesby o.15C v Curro o.15A | 41-1 Wen |
| Framesby o.16C v Curro o.16A | 24-2 Wen |
| Framesby o.19B v Curro o.17A | 35-0 Wen |
| Framesby o.17A v Curro o.19A | 58-3 Wen |

SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment: 041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road, Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7

# HOKKIE VAAR PUIK BY TOERNOOIE



## 1STE SEUNSHOKKIE

*Paarl Gimnasium Hokkiefees*

| | |
|---|---|
| vs Paarl Gim 3de | wen 3-1 |
| vs Outeniqua 2de | wen 1-0 |
| vs Worcester Gim 2de | wen 1-0 |
| vs Durbanville 2de | wen 3-0 |
| vs Milnerton 1ste | gelykop 0-0 |

**100% wenpersentasie**



## 1STE DOGTERSHOKKIE

*Union High Hokkiefees*

| | |
|---|---|
| vs Zastron 1ste | wen 9-0 |
| vs Outeniqua 2de | gelykop 1-1 |
| vs Fichardt Park 1ste | wen 1-0 |
| vs Kingsridge 1ste | gelykop 1-1 |
| vs Pearson 2de | verloor tydens shootout 1-2 |
| vs Lillyfontain 1ste | wen 2-1 |

**83% wenpersentasie**



## 2DE DOGTERSHOKKIE

*Framesby Uitnodigingstoernooi*

| | |
|---|---|
| vs Harvest 1ste | gelykop 1-1 |
| vs Priory 2de | wen 2-0 |
| vs Pearson 3de | wen 1-0 |
| vs Hudson 2de | verloor tydens shootout 1-2 |
| vs Collegiate 3de | verloor 1-4 |

eindig 4/12

**67% wenpersentasie**

SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment:
041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road,
Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7



# 0.16 DOGTERSHOKKIE

*Woodridge 0.16 Hokkiefees*

| | |
|---|---|
| vs Pearson 0.16B | verloor 2-4 |
| vs York 0.16A | wen 2-0 |
| vs Stirling 0.16A | gelykop 1-1 |
| vs Cornwall 0.16A | wen 6-0 |
| vs Woodridge 0.16A | verloor 0-2 |
| | eindig 7/20 |

**60%** *wenpersentasie*


SUNRIDGE VILLAGE Centre Managment: 041 360 9442 SUNRIDGE VILLAGE Kragga Kamma Road, Sunridge Park SUNRIDGE VILLAGE GENERATED POWER 24/7

# BUITE*sport*

Lise-Mari Kemp (Graad 9A) het die afgelope vakansie aan die Binnehuise Krieket Interprovinsiale Toernooi in Kaapstad deelgeneem. Sy het OP by hierdie toernooi verteenwoordig as deel van die 0.18 OP-Junior Damespan waarvan sy die onderkaptein was.

Die 0.18 OP Junior Damesspan het tweede by die toernooi geëindig en die span het ook die toekenning gekry vir die "Fair Play Team" in die damesafdeling. Lise-Mari is aangewys as die beste meisie bouler by die toernooi en het gemiddeld 0.31 lopies per boulbeurt afgestaan. Sy is ingesluit in die 0.18 SA-Junior Damespan wat gedurende die Septembervakansie sal toer, asook in die Wêreldbeker groep wat later die jaar finale proewe speel.



# ATKV-SWEEPSLAG

Gedurende Maart het die ATKV-Sweepslag ‘n nie-bederfbare kosinsamelingsprojek van stapel gestuur. Die Framesby-familie se harte was oop en op 1 April het die leerders die kospakkies by die MTR Smit Kinderhuis gaan aflewer. Ons sê dankie vir elke liewe persoon wat ‘n bydrae gemaak het.




SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment:
041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road,
Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7

# BUITEsport



Danel van der Nest het aan die windgeweer- en windpistoolkompetisie deelgeneem. Die kompetisies en oefeninge vind te Outspan Shellhole, in Kragga Kamma plaas.

Sy het vinnig die basiese beginsels wat goeie tellings tot gevolg het,aangeleer. Tydens die jaarlikse klub kompetisie het sy die dames-afdeling gewen het.

Die kompetisie bestaan uit 3 verskillende dele. Windpistool word op 10 meter geskiet. Breeknek windbuks skiet op 10 meter na baie klein teikens en die PCP-windgeweer se afstand is op 25 meter.

# SWEMuitslae

27 Maart 2025
**Mia Strydom** en **Carl Andrews** het aan die SA Vlak 3 Streekskampioenskappe wat in Kaapstad plaasgevind het, deelgeneem.

**Mia** het die volgende posisies in haar onderskeidelike items behaal:

- 2de - 400m Vryslag
- 3de – 200m Vryslagslag
- 3de – 4 x 50m “Medley” Aflos

**Carl** het die volgende posisies in sy onderskeidelike items behaal:


- 1ste – 100m Rugslag
- 2de – 4 x 50m “Medley” Aflos
- 2de – 50m Rugslag
- 3de – 200m Rugslag
- 3de- 4 x 100m Vryslag Aflos

Baie geluk met julle skitterende prestasies.

**Morgan Daniell** het 28-30 Maart aan die Level 2 Gala in Oos-London deelgeneem. Hy het aan 8 items deelgeneem waarvan hy 2 goud, 2 silwer en 2 brons medaljes gekry het. Die ander 2 items het hy ‘n 4 de plek behaal. Baie geluk Morgan





SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment:
041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road,
Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7

# BUITE*sport*

Baie geluk aan Chanel Botes wat in die OP 0/16 -binneshuise aksienetbalspan opgeneem is. Sy het die vakansie aan die interprovinsiale toernooi in Kaapstad deelgeneem.







# OP-*hokkie*

Baie geluk aan die volgende dogters wat in verskeie OP-hokkiespanne opgeneem is sowel as aan mnr. Drury wat as 'n afrigter aangewys is.

**0.14**
Emma Lamprecht (nie-reisend)
Lea-may de Beer (nie-reisend)

**0.16B**
Therese Otto

**0.18**
Alouise Vosloo (nie-reisend)

**0.18B dogters-afrigter**
Jordan Drury




SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment: 041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road, Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7

# UIT DIE HOOF SE KANTOOR

Beste Ouers

Ek plaas graag die volgende berig wat op netwerk 24 nuus geplaas is onder die volgende opskrif: [Dit is belangrik dat ons ouers hulle vergewis van die situasie binne die onderwys]

SOMMIGE ONNIES WIL NET PADGEE, TERWYL ANDER SAAM MET HUL KINDERS BAKLEI

Aggressiewe ouers wat sommer die middelvinger sal wys, hope administratiewe take en leerlinge wat emosioneel erg ly weens huislike omstandighede soos ouers wat skei, is van die uitdagings waarmee onderwysers in Suid-Afrika daagliks te kampe het.

Dit is van die bevindings van 'n studie waarby dr. Heleen Hofmeyr van die navorsingsgroep oor sosio-ekonomiese beleid (ReSEP) van die Universiteit Stellenbosch betrokke was.

In die studie is die voorkeure en werkbevrediging van onderwysers ondersoek. Altesame 1 513 onderwysers van oor die land heen het aan 'n peiling deelgeneem en dit is opgevolg met 80 telefoniese onderhoude met onderwysers.

## Duurder skole se onnies stres meer

Een van die bevindinge is dat onderwysers aan skole wat gemiddelde tot hoë skoolgeld hef, meer stres ervaar as hul ampsgenote by gratis skole en dié wat min skoolgeld hef.

Uit die antwoorde op opvolgvrae het dit geblyk dat dit onderwysers by duurder skole meer druk van skoolhoofde en ouers kry om uitsonderlike prestasies te verkry.

Altesame 79% van die onderwysers by skole met hoë skoolgeld en 65% by skole wat min skoolgeld hef, het gesê hul verpligtinge laat nie 'n balans toe tussen hul werk en private lewe nie.

## Helfte wil onderwys binne dekade verlaat

Sowat 49% van onderwysers van oor die land heen het die begeerte om in die een of ander stadium in die volgende tien jaar die onderwys te verlaat.

Hoewel dit 'n hoë proporsie is, gaan dit nie noodwendig gebeur nie, maar dit wys wel dat onderwysers min werkbevrediging het.

Die vernaamste redes waarom onderwysers hul professie wil verlaat, is dat hulle oorwerk voel (35% van die onderwysers wat dit oorweeg) of nie genoeg betaal word nie (34%).

Vir 2% was die rede dat hulle nie daarvan hou om met kinders te werk nie.

## Berge administrasie steel tyd

Die hoofrede waarom onderwysers sê hulle ervaar stres, is dat hulle oorlaai word met administratiewe opdragte. Altesame 70% van die onderwysers wat aan die studie deelgeneem het, het gesê dit is wat hulle stresvlakke so hoog maak.

In die studie se gevolgtrekking word genoem dit is nie 'n verrassing nie, want al die administratiewe verantwoordelikhede wat op onderwysers gelaai word, vreet aan hul tyd om onderrig van hoë gehalte te kan gee.

Onderwysers wat nie hul administratiewe werk by die skool gedoen kry nie, moet dit tuis gaan afhandel.

Onderwysers sê bestuurders of amptenare by distrikskantore kyk selde na hul administratiewe verslae en dit is 'n bron van frustrasie om soveel administratiewe take te verrig wat geen doel dien nie.

Daar word ook voortdurend nuwe of veranderde vereistes deur die onderwysowerhede afgedwing.

Van die onderwysers het ook genoem dat hoewel opleidingsessies en werkgroepe soms nuttig is, is dit baie tydrowend, wat beteken dat dit onderrigtyd wegneem.

## Onderwysers kry swaar saam met arm kinders

Omdat baie ouers nie skoolklere of selfs skryfbehoeftes kan bekostig nie, koop onderwysers dikwels uit hul eie sak skryfbehoeftes.

In een geval het 'n onderwyseres in die Noord-Kaap gesê dat nie die skool of ouers penne kan bekostig nie. Sy koop dan penne wat sy baie goedkoper aan leerlinge verkoop. Sy het ook 'n projek van stapel gestuur om skoene in te samel, maar het slegs 10 pare skoene gekry vir 'n skool van basies 1 000 arm kinders.

SUNRIDGE VILLAGE Centre Managment: 041 360 9442 SUNRIDGE VILLAGE Kragga Kamma Road, Sunridge Park SUNRIDGE VILLAGE GENERATED POWER 24/7

### Die sondes van die ouers

Verskeie onderwysers het genoem dat ouers se betrokkenheid 'n uitdaging is – hulle is óf heeltemal afwesig in hul kinders se skoollewe, óf hul gedrag teenoor onderwysers is onhoudbaar.

In een geval in die Wes-Kaap waar 'n onderwyser 'n ouer daarop gewys het dat haar kind disrespekvol optree, het die ma haar oë gerol en 'n middelvinger gewys.

Dan is daar die ouers wat hul griewe op sosiale media lug, sonder enige takt. Die ouers beledig die skool of val selfs onderwysers aan oor hoe hulle hokkie afrig, volgens 'n onderwyser se antwoord in die studie.

Onderwysers sê daar is ook "helikopter-ouers" wat gedurig moeilikheid soek en onderwysers nauurs bel.

## 'n Skouer om op te huil

Die emosionele lyding van leerlinge word ook dié van hul onderwysers, wys die studie.

Verskeie onderwysers het aangedui hulle het 'n behoefte aan groter toegang tot beradingsdienste omdat hulle nie net akademiese verantwoordelikhede het nie, maar ook ingetrek word by die komplekse maatskaplike uitdagings wat leerlinge het.

Kinders gaan dikwels na onderwysers om te vertel van hul moeilike huislike omstandighede, soos wanneer hul ouers skei. Dit is egter moeilik om 'n maatskaplike werker of sielkundige te kry om die leerlinge by te staan.

### Onderwysers geteister deur swak dissipline

Leerlinge se gedragsprobleme en dissipline hou 'n groot uitdaging vir onderwysers in.

Dit blyk dat swak dissipline veral in gratis en township-skole 'n probleem is en dat daar in gevalle geen dissipline is nie.

Een onderwyser in KwaZulu-Natal het in die studie gesê 'n mens leer basies die leerlinge wat geleer wil word "en maak seker dat die res nie doodgaan nie".

'n Onderwysers in die Oos-Kaap het gesê daar is chaos in die klaskamers en hulle moet deurentyd aggressiewe gedrag probeer hanteer soos wanneer leerlinge mekaar aanrand of selfs die onderwysers byt. "Glo my, dit het al gebeur. Ek is al deur kinders gebyt en geslaan," het die die onderwyser gesê.

GEVOLGTREKKING [OUERS EK VUL GRAAG AS VOLG AAN:]

My afleiding wat ek as skoolhoof maak, is dat dit by baie skole sleg gaan. Ek kan omonwonde verklaar dat dit by HS Framesby in die konteks van skole in Suid-Afrika goed gaan.

In HS Framesby doen ons die volgende om die probleme aan te spreek:

Die groot werkslas by HS Framesby word aangespreek deur ‘n baie groot personeelkorps om die las op onderwysers te verlig. Ouers, u is alreeds bewus van ons sport- en kultuurafdeling waar baie personeel aangestel is om die las op die buitemuurs van onderwysers te verlig. Groot dank hiervoor aan ons Beheerliggaam en ouers. Dit gee vir ons personeel die geleentheid om meer op die akademie te konsentreer.

DIE GROOT LEEMTE WAT EK AS SKOOLHOOF WAARNEEM, IS DAT OUERSKAP IN SOMMIGE GEVALLE BY LEERDERS AFWESIG IS. ONS SIEN DIT IN ONS SKOOL. DIE GROOT PROBLEEM IS GEHOORSAME OUERS WAT DOOD EENVOUDIG WEIER OM DISSIPLINE TOE TE PAS. ONS WIL SO GRAAG ONS KINDERS SE VRIENDE WEES, SAAM MET HULLE KUIER TERWYL ONS ONS MORELE KOMPAS VERLOOR HET. OUERS, ONS GODGEGEWE ROEPING BLY EGTER DAT ONS DIE ROL VAN OUERSKAP MOET EN NIE VAN VRIENDSKAP MOET VERVUL NIE. DIKWELS BETAAL OUERS ‘N DUUR PRYS VIR DIE VRIENDSKAPSPAD. ONTHOU NET DAT KINDERS STREEF NA DIE OUERSKAPSPAD AL SAL HUL DIT NOOIT SELF ERKEN NIE.

Mag hierdie studie ons tot nuwe insig roep. Vervul maar eerder die rol van ouerskap. Ondersteun die gesag van opvoeders en werk saam met ons om ons leerders korrek op te voed.

SUNRIDGE VILLAGE Centre Managment: 041 360 9442 SUNRIDGE VILLAGE Kragga Kamma Road, Sunridge Park SUNRIDGE VILLAGE GENERATED POWER 24/7

Ek lig die volgende belangrike punte uit:

A) NUUSBRIEF/FAKKELFLITS

Die nuusbrief sal vanaf hierdie kwartaal elke tweede week uitgegee word. Die Fakkelflits sal nog steeds weekliks uitgegee word.

B) AFLAAI VAN LEERDERS [HEK A – E]

'n Vriendelike versoek dat alle leerders nie nét by Hek B afgelaai moet word nie. HS Framesby groei sterk en die versoek van die bestuur van die skool is dat u ook u leerders by die ander vier hekke moet aflaai. Maak van al vyf hekke gebruik om leerders af te laai. GEEN LEERDERS MOET AAN DIE BINNEKANT VAN DIE SKOOL AFGELAAI WORD NIE.

C)AFWESIGE LEERDERS – SPORT

Leerders wat afwesig is op 'n betrokke dag van die akademiese program mag nie in die middag die betrokke buitemuurse program volg nie. Leerders wat op 'n Vrydag van die akademiese program afwesig is, mag nie op 'n Saterdag aan die buitemuurse program deelneem nie. Uitsonderings word slegs toegelaat in die geval van begrafnisse en dood van nabye familielede. Ek hoop u, as ouerkorps, sal ons hand hierin vat.

D)OUERSKAP

Dit kom al hoe meer onder my aandag dat ons leerders partytjies bywoon waar alkoholiese drank beskikbaar is en rokery vrylik plaasvind. Ouers, ons moet ons ouerplig teenoor ons kinders nakom, en nie ons kinders se vriend/vriendin wil wees nie. Ouerskap is 'n plig wat deur ons Hemelse Vader aan ons opgelê is, wat ons deeglik moet uitvoer. U moet maar die moeilike besluite neem en nie die gewilde besluite nie. Dikwels betaal ons 'n duur prys vir die gewilde besluite. Maak te alle tye seker waar u kind is en in watter omstandighede dit is. Sterkte met die groot taak van ouerskap – dit bly 'n Godgegewe voorreg.

E) AFWESIGHEID – 23 TOT 27 MAART 2025

Neem kennis dat ons gedurende die laaste week van die eerste kwartaal werk in klasse behandel het. Leerders wat afwesig was, sal hierdie werk self moet inhaal. Hierdie werk sal nie weer met leerders behandel word nie.

F)KWARTAALPROGRAM

Aangeheg die tweede kwartaal se kwartaalprogram.

G) FAKKELFLITS

Ek moedig u aan om die Fakkelflits deeglik te bestudeer. Hier hou ons u op hoogte van alle gebeure en prestasies. Dit is op Framesby se Facebook-blad beskikbaar.

H) WOLKSKOOL

Leerders met 'n agterstand of leerders wat afwesig was, kan die Wolkskool-video's gebruik om in te haal of werk vas te lê. Dit bly belangrik dat leerders hierdie platform gebruik om hul akademie tuis te verbeter.

I) SBA-ASSESSERINGS

Aangeheg is die assesseringsprogram vir kwartaal 2.

J) HOKKIEVERGADERING - OUERS

Alle hokkieouers word na 'n vergadering op 14 April 2025 in Die Kosblik uitgenooi. U teenwoordigheid is van groot belang.

K) BYWONING VAN SPORT

Leerders moet kennis neem dat skooldrag verpligtend is vir ondersteuning tydens sportgeleenthede.

L) AFWESIGHEID AS GEVOLG VAN TOERE

Leerders wat die skool tydens toere verteenwoordig én afwesig is op amptelike skooldae, is self verantwoordelik om agterstallige werk in te haal. Hierdie leerders moet die werk wat gedoen is by klasmaats kry.

M) JUNIE EKSAMENROOSTER

Aangeheg die Junie eksamenrooster.

SUNRIDGE VILLAGE Centre Managment: 041 360 9442 SUNRIDGE VILLAGE Kragga Kamma Road, Sunridge Park SUNRIDGE VILLAGE GENERATED POWER 24/7

Ek dank u vir u volgehoue ondersteuning. Soos ek dikwels vir u sê: die toekoms van Hoërskool Framesby is blou en goud! Kom ons werk almal saam om dit so te hou.

MARIUS GERMISHUYS
SKOOLHOOF



SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment:
041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road,
Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7

# BELANGRIKE DATUMS *vir volgende week*


## *April*

| SONDAG | MAANDAG | DINSDAG | WOENSDAG | DONDERDAG | VRYDAG | SATERDAG |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | 12<br>**Rugby:**<br>Daniel Pienaar (t)<br>**Netbal:**<br>B-F Toernooi (t)<br>**Hokkie:**<br>1ste/0.16A Seuns<br>0.14A+B/0.16A+B/1ste Dogters<br>Westering (t)<br>**Dans:**<br>17:00-19:00 Senior Soireé Privaat (Alex)<br>**Swem:**<br>SA Senior Kampioenskappe (PE) |
| 13<br>Landloop:<br>ABSA 10km [Summerstrand]<br>**Swem:**<br>SA Senior Kampioenskappe (PE) | 14<br>Dag 5<br>DH: VNH<br>IAM begin<br>Boekkontrole begin<br>**ATKV:** Debat (Oos Londen) (PA: LOU)<br>**Merietepunte:**<br>Inlees van punte in Mev Roberts se klas (Kwartaal 4 2024 en Kwartaal 1 2025) deur sporthoofde<br>**Orkes:**<br>15:00 Laerskole Orkes Werkswinkel(Saal)<br>**Hokkie:**<br>Ouervergadering [Die Kosblik]<br>**Standard bank:**<br>Opening van rekeninge en ID-aansoeke tydens eerste pouse (Kultuursaal)<br>14 April-17 April | 15<br>Dag 6<br>**Netbal:**<br>Subdistrik proewe (t)<br>**Rugby:**<br>Vertrek 14:00 na Kearsney Easter Rugby Festival (w)<br>**Merietepunte:**<br>Inlees van punte in Mev Roberts se klas (Kwartaal 4 2024 en Kwartaal 1 2025) deur sporthoofde<br>**Tennis:** Dogters | 16<br>Dag 7<br>**Landloop:**<br>Framesby Padaflos<br>14:45 Laerskole<br>15:30 Hoërskole [A-veld]<br>**Rugby:**<br>Kearsney Easter Rugby Festival (w) [Rusdag]<br>(PA: GEL/DEV/ASP)<br>**Merietepunte:** Inlees van punte in Mev Roberts se klas (Kwartaal 4 2024 en Kwartaal 1 2025) deur sporthoofde. | 17<br>Dag 1<br>Notule 3 na AH<br>**Rugby:**<br>Kearsney Easter Rugby Festival (w)<br>**15:40 Westville Boys High**<br>(PA: GEL/DEV/ASP)<br>**Netbal:**<br>Liga wedstryde (Otto du Plessis)<br>**Merietepunte:** Inlees van punte in Mev Roberts se klas (Kwartaal 4 2024 en Kwartaal 1 2025) deur sporthoofde.<br>**Tennis:** Seuns<br>**English Debating:**<br>Juniors (1ste rondte)<br>Seniors (Finaal)<br>**English Debating:**<br>Junior Rondte 2 | 18<br>***Goeie Vrydag***<br>**Rugby:**<br>Kearsney Easter Rugby Festival (w) [Rusdag] | 19<br>**Rugby:**<br>Kearsney Easter Rugby Festival (w)<br>**09:20 Peterhouse Boys [Zimbabwe]** |

# BAIE GELUK

Baie geluk aan **Brooklyn Elgar** (netbals) en **Marli Büchner** (hokkie) wat albei 50 wedstryde vir die eerste netbal- en hokkiespan gespeel het.




# PROSCENIUM *dramakompetisie*

Baie geluk aan Adriaan Ehlers wat as finalis vir die Proscenium dramakompetisie gekies is en Framesby in Mei by die Artscape Teater in Kaapstad sal verteenwoordig. Ons is baie trots op jou en wens jou alle sterkte toe.




# BLOEDSKENK







SUNRIDGE VILLAGE Centre Managment: 041 360 9442 SUNRIDGE VILLAGE Kragga Kamma Road, Sunridge Park SUNRIDGE VILLAGE GENERATED POWER 24/7

# FRAMESBY UITNODIGINGSTOERNOOI

Gedurende die vakansie het Hoërskool Framesby hul eerste uitnodigingshokkie-toernooi met groot sukses aangebied.




Hier volg die uitslae van al die wedstryde:
Wedstryd 1: Alex 2 3-0 Priory 2
Wedstryd 2: Framesby 2 1-1 Harvest 1
Wedstryd 3: Brandwag 2 0-3 Pearson 3
Wedstryd 4: Collegiate 2 1-0 Collegiate 3
Wedstryd 5: Hudson 2 0-1 Woodridge 2
Wedstryd 6: DF 2 0-0 Westering 2
Wedstryd 7: Alex 2 0-0 Harvest 1
Wedstryd 8: Framesby 2 2-0 Priory 2
Wedstryd 9: Brandwag 2 0-2 Collegiate 3
Wedstryd 10: Collegiate 2 2-0 Pearson 3
Wedstryd 11: Hudson 2 2-0 Westering 2
Wedstryd 12: DF 2 0-1 Woodridge 2
Kwartfinaal 1: Collegiate 2 6-0 Harvest 1
Kwartfinaal 2: Alex 2 0-1 Collegiate 3
Kwartfinaal 3: Woodridge 2 0-1 Hudson 2
Kwartfinaal 4: Pearson 3 0-1 Framesby 2
Bottom 4A: DF 2 1-0 Priory 2
Bottom 4B: Brandwag 2 (3)0-0(2) Westering 2
Semi-finaal 1: Collegiate 2 (2)0-0(0) Collegiate 3
Semi-finaal 2: Hudson 2 (2)0-0(1) Framesby 2
11/12: Priory 2 1-2 Westering 2
9/10: DF 2 2-0 Brandwag 2
7/8: Woodridge 2 1-0 Pearson 3
5/6: Harvest 1 (2)0-0(0) Alex 2
3/4: Collegiate 3 4-1 Framesby 2
1/2: Collegiate 2 3-0 Hudson 2




Finale plasing:
1. Collegiate 2
2. Hudson Park 2
3. Collegiate 3
4. Framesby 2
5. Harvest1
6. Alex 2
7. Woodridge 2
8. Pearson 3
9. DF 2
10. Brandwag 2
11. Westering 2
12. Priory 2



Speler van die Toernooi:
1. Luvuyo Titus (Woodridge 2)







SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment:
041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road,
Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7

# JUNIOR STADSRAAD

Baie dankie vir almal se bydrae tot die Botteldoppieprojek. Dit is 'n groot sukses.

Framesby is by die Junior Stadsraads vergadering, deur die organiseerders, uitgesonder vir hul groot bydrae tot die projek. Daar is 'n spesiale vermelding van Zandri en Elné vir hul leierskap om die Framesby-leerders by die projek betrokke te maak. Die Landsdiens het ook gehelp met die insamel van die doppies.

Die botteldoppieprojek is 'n aaneenlopende projek. Daar is bokse in K3, K10 en K11 waar leerders hulle doppies kan gaan ingooi. Ons glo dat almal ons in toekomstige projekte sal ondersteun sodat ons Framesby se vlam hoog kan laat brand





# KOORDAG

Die Fantasia Koor het op Maandag, 7 April 'n Koordag gehad waar hul heerlik saam gebraai en gekuier het. Dankie aan die manne wat vroeg die vure aangesteek het. Daar is tussen julle 'n paar top braaiers ook! Die belangrikste was die oefensessies, ter voorbereiding van heelwat optredes wat die komende maande op ons wag. Dit was 'n genotvolle dag van harde werk! Dankie aan me. Roodt wat ons bygestaan het met hulp en klavierbegeleiding.



SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment:
041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road,
Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7

# OUDSKOLIER *presteer*

## *Lize-Mé Otto*

Ek het laasjaar my B.Eng Chemiese Ingeniersgraad by NWU voltooi en my finalejaarsprojek was een van twee wat gekies is om by die SAIMM Student Colloquium aangebied te word.  Daarna is my projek aangewys as die beste in die School of Chemicals and Minerals Engineering en boonop die beste in die hele ingenieursfakulteit. Ek het ook die Mathews/IPGIP prys vir die beste projek in die NWU se hele ingenieursfakulteit ontvang.

Ek weet nie hoe om die projek in Afrikaans te verduidelik nie, so ek sal 'n kort opsomming in Engels stuur.
Titel: Influence of gasifier ash grate design on solids mass flow
Opsomming: In this study the influence of the geometry of a gasifier ash grate on the particle segregation in a 1/10th scale cold model was examined. Using ImageJ particle size distributions and Rosin-Rammler parameters were calculated to compare solids flow under varying conditions. Findings aim to find ways to improve gasifier performance by mitigating segregation induced instabilities through alternative grate geometries.

Ek is tans met my meestersgraad besig met die fokus op prereduksie van ysterhoudende ertse deur die gebruik van waterstof in 'n 'fluidised bed' om die hoeveelheid kookstofdioksied wat vrygestel word tydens die prereduksie proses te verminder.  Ek het ook 'n Golden Key-toekenning ontvang.




SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment:
041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road,
Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7

LANDLOOP

# FRAMESBY AFLOS

## 16 APRIL 2025

**BEGIN: FRAMESBY A-VELD**
**14:45 HOËRSKOLE | 15:30 LAERSKOLE**

**AFLOS: 4 ATLETE PER SPAN**
**ELKEEN HARDLOOP 2 KM**

**KOSTE: R180 PER SPAN**

**SLUITINGSDATUM: 11 APRIL 2025**

### PRYSE:

1ste posisie in volgende kategorieë
Hoërskole: seuns, dogters en gemeng
Laerskole: seuns, dogters en gemeng

Hoërskool Framesby

### MEDALJES:

1ste 35 spanne - Hoërskole
1ste 25 spanne - Laerskole

Prysuitdeling: 16:30 by Die Koslik
Gelukkige trekkings tydens prysuitdeling

Klubs en oefengroepe mag deelneem, maar kan slegs medaljes ontvang.

Kontak: Marinda Cronje
083 397 3251

KLINICARE PHARMACIES
STRÖMBECK ATTORNEYS

# ADVERTEER
## by Framesby

Adverteer jou besigheid. Ons almal kan doen met  goeie reklame.

Hoërskool Framesby bied verskillende advertensiespasie vir jou besigheid om meer voete te waarborg. Maak gebruik van hierdie unieke en effektiewe geleentheid om jou besigheid, produk of diens te bemark.

Hoërskool Framesby se 2025-wedstryde sal oorheersend tuis plaasvind dus sal u maatskappy baie blootstelling kry.

Dit sal vir Hoërskool Framesby 'n voorreg wees indien u maatskappy met die topskool in die Oos-Kaap wil assosieer.

Raak deel van ons Framesby-advertensiefamilie.

Kontak Hoërskool Framesby vandag!

Yolandi Fourie
Trustbeampte
fos@framesby.co.za
041 360 1257






FRAMESBY-OPVOEDKUNDIGE TRUST

# KLUB 1000/100 *lede*

## *Oudskolier*

Mornay Heunis *(matriek 1986)*
Chris Knoetze *(matriek 1988)*
Rinaldo Loftie-Eaton *(matriek 2000)*
Ernst Stapelberg *(matriek 2013)*
Pienaar Agenbag *(matriek 1988)*
Bernard McDonald *(matriek 2016)*
Jacqueline van Heerden *(matriek 1997)*
Louis Gerber *(matriek 1996)*
Rudi Gerber *(matriek 1986)*
Anelle Bailey *(matriek 1994)*
Ryno Lingerfelder *(matriek 1999)*
Tania Crouse *(matriek 1995)*
Jonathan Gardiner *(matriek 2000)*
Morne Barnard *(matriek 1991)*
Gerhard Meiring *(matriek 1998)*
Konrad de Villiers *(matriek 2006)*
Henry Claassen *(matriek 1991)*
Andrè Hough *(matriek 1988)*
Hanlie Potgieter *(matriek 1988)*
Charl De Lange *(matriek 2003)*
Anoniem *(matriek 2009)*
*Anoniem (matriek 1996)*
Lourens Grundling *(matriek 2006)*
Marieta Kemp *(matriek 1973)*
Mariette Geldenhuys *(matriek 2000)*
Conrad Wagener *(matriek 1995)*
Jannie vd Merwe *(matriek 1993)*

## *Ouers, Oudouers / Beheerliggaam*

Mariaan Botha (ouer)
Karl du Preez (oudouer)
Anél Ferreira (ouer)
Niel Louw (ouer)
Petra Gouws (ouer)
Wynand Wessels (ouer)
Werner Edwin Olivier (ouer)
Masunet Strydom (ouer)
Dirk Kotze (ouer)
Lynette Stumke (ouer)
Hugo Maritz (ouer)
Pietie Ferreira (ouer)
Rayno vd Merwe (ouer)
Eugene de Lange (oudouer)
Henry Benn (ouer)
Yolande Gouws
Johan le Grange (ouer)
Yolandi Fourie (ouer)
Andrè Grundling (ouer)
Zanelda Grundling (ouer)
Johannes Willem Muller (ouer)
Abrie Myburg (ouer)
SP Engelbrecht (ouer)


## *Personeel / Oudpersoneel*

Marius Germishuys *(skoolhoof)*
Annel Germishuys *(personeel)*

Vorms op ons webtuiste beskikbaar!

FRAMESBY-OPVOEDKUNDIGE TRUST

# KLUB 1000/100 *barometer*



# FRAMESBY
## OUDSKOLIERE (FOS)

Beste Oudskolier
Ons wil julle graag van gebeure rondom jul alma mater op hoogte hou. Om hierdie rede wil ons graag ons databasis op datum bring en vra dat alle oudskoliere asb. die volgende inligting na **fos@framesby.co.za** sal e-pos:

- ✓ NAAM EN VAN :
- ✓ NOOIENSVAN:
- ✓ ID-NOMMER:
- ○ JAARTAL GEMATRIKULEER:
- ○ ADRES:
- ○ PROVINSIE:
- ○ BEROEP:
- ○ TELEFOON:
- SELFOONNOMMER:
- E-POSADRES:

**U inligting bly hoogs vertroulik.**
**Die rede hoekom ons u ID-nommer benodig, is om te verhoed dat ons duplikate op ons sisteem stoor.**

FRAMESBY-OPVOEDKUNDIGE TRUST

# KLUB 1000/100




Sluit aan by Framesby se Klub 1000/100 en word deel van 'n skool van uitnemendheid. Na vele navrae van ons alumni is die konsep van dié Klub gebore. Klub 1000/100 gee almal die kans om steeds betrokke te wees by die skool en die blink toekoms daarvan te verseker. Dit maak nie saak of jy nog in Suid-Afrika of oorkant die waters bevind nie. Jy kan 'n bydrae maak!

'n Maandelikse bydrae van R100 kan in die Framesby Opvoedkundige trust gedeponeer word. Hierdie trust word aangewend vir die welstand en vooruitgang van die skool. Die fondse sal deur die Trust bestuur word. Die aanwending van die befondsing sal bepaal word deur die skool en die Trust se komitee. Daar sal elke jaar 'n finansiële verslag deurgegee en geoudit word. Die proses is dus deursugtig en lede kan sien hoe hul skenkings aangewend word.

PROSES OM BY DIE KLUB 1000/100 BETROKKE TE RAAK

1) Laai aansoekvorm van Hoërskool Framesby se webtuiste af.
2) E-pos voltooide vorm na fos@framesby.co.za
3) U naam sal weekliks in die Fakkel-Flitse onder Klub 1000/100 lede verskyn.
4) Hou ons groeiende barometer dop. Dit sal op die voorblad van die Fakkel-Flitse verskyn.

Dankie aan oudleerders, ouers, onderwysers en passievolle ondersteuners vir u bydrae.

## SLUIT AAN
**EN KRY 'N EKSLUSIEWE HOEDJIE WAT JOU GRATIS TOEGANG GEE TYDENS SPORTDAE**

SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment:
041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road,
Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7

# DIE HANGER

## HOKKIEKOUSE IN VOORRAAD

# R100



CHARNELLE 082 342 8113 - KATRIEN 072 407 0670
CHARNELLE@DIEHANGER.CO.ZA

# DIE KOSBLIK



## APRIL

| Mon | Tue | Wed | Thu | Fri |
|---|---|---|---|---|
| | 8<br>Meatballs & Spaghetti | 9<br>Beef Lasagna | 10<br>Beef Burrito<br>&<br>Coleslaw | 11<br>Chicken & Cheese Burger with Chips |
| 14<br>Pork chop with Mash & Gravy | 15<br>Butter Chicken Curry & rice | 16<br>Chicken wrap & Broccoli Salad | 17<br>Fishcakes with tartare sauce & Wedges | Goeie Vrydag |
| Familie Dag | 22<br>Chicken Breyani & yellow Rice | 23<br>Lamb pie with Mash | 24<br>Quiche and Chips | 25 |
| Vryheidsdag | Skool Vakansie dag | 30<br>Chicken Schnitzel & Chips | | |
| | | | | |




## ALGEMEEN

- 350m vanaf skool (5 minute stap).
- Bestaan uit 2 oopplan semi-privaat slaapkamers (word deur 6 leerders gedeel).

## BLYPLEK

- Elke leerder word voorsien van 'n bed, hangkas en lessenaar.
- Leerders verskaf eie beddegoed, stoel en leeslamp.
- Leerders deel 'n badkamer (tweede badkamer beskikbaar indien nodig).
- Sluit in water, elektrisiteit en hoë spoed internet.

## VERDERE INLIGTING

- Sunridge Village winkelsentrum het 'n wye verskeidenheid winkels om van te kies, insluitend 'n apteek, doktorspreekkamers, haarkapper, Specsavers en vele meer.
- Indien vervoer benodig word kan dit gereël word.
- Swembad is tot leerders se beskikking by tuiste.
- Keuringproses voor toelating.
- Slegs vir seuns verblyf beskikbaar (op die stadium).
- Kontak vir Bennie vir verdere inligting en terms

## KOS

- Etes word nie voorsien nie.
- Kombuis is met 'n stoof, mikrogolf, yskas, ketel, breekware, eetgerei, potte en panne toegerus.
- Middagetes kan by Die Kosblik (skool kafeteria aangekoop word).
- Aandete: blyplek is 200m vanaf Sunridge Village. Winkelsentrum het 'n groot verskeidenheid restaurante sowel as 'n Woolworths, tuisnywerheid en Spar (wat gesonde gekookte kos verkoop).
- Braai geriewe by verblyf is beskikbaar.


## WASGOED

- Leerders is verantwoordelik vir eie wasgoed.
- Wasmasjien, wasgoeddrade en strykplank is beskikbaar.
- «Los en loop» wasgoeddiens is ook by winkelsentrum beskikbaar.

VIR NAVRAE KONTAK: *Bennie* **063 696 3528**

## 12 APRIL 2025

# RUGBY



**FRAMESBY** VS **DANIEL PIENAAR**

Hoërskool Framesby

TUIS

## 12 APRIL 2025

# PROGRAM

| TYD | A-Veld | TYD | B-Veld | TYD | C-Veld |
|---|---|---|---|---|---|
| 08:00 | 0.14A | 08:00 | 0.16B | 08:00 | 0.19E |
| 09:00 | 0.15A | 09:10 | 0.19D | 09:10 | 0.14C |
| 10:00 | 0.19C | | | 10:10 | 0.15C |
| 11:15 | 0.19B | 11:10 | 0.15B | 11:10 | 0.14B |
| 12:30 | 0.16A | | | | |
| 13:45 | Cheerleaders | | | | |
| 14:00 | 0.19A | | | | |

Hoërskool Framesby

# o' My Goodness

## R89.90




**150g Beef Patty or Grilled Chicken Fillet (Home-made)**

Topped with Baby Spinach, Bacon, Fired Mushroons, Avocado and a Garlic Mustard Cheese Sauce

Lunchtime Special
11 am till closing | Monday - Sunday

Café Capellini
MEET YOU THERE

SUNRIDGE ONLY

T & C's Apply | Sit Down Only | No Sharing | No Take Away